Lewensvaardighede

"Die ware maatstaf vir leierskap is invloed – niks meer nie en niks minder nie."
- John Maxwell

Doelwit: *Om die Verkenner voor te berei om leiding te neem in verskillende situasies binne en buite Die Voortrekkers. Om die Verkenner sekere vaardighede aan te leer wat van hom in 'n leierskapsposisie verwag word. Om die Verkenner in selfkennis te begelei, sodat hy homself beter kan handhaaf in 'n leiersposisie.*

Weergawe: *2007.0*

Datum: *Augustus 2007*

Begronding:

Voortrekkerkode:
7. 'n Voortrekker is 'n goeie landsburger.
8. 'n Voortrekker neem leiding.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

ABC: Deur die aanbieding van die spesialisasie word die Verkenner se menswees ten opsigte van die totale ABC aangespreek. Die vaardighede wat gedurende die kursus aangeleer word ondersteun die Verkenner daarin om as selfversekerde Afrikaner en landsburger 'n bydrae te kan maak in enige gegewe konteks.

Aanbiedingsvereistes:

Tydsduur:	5 dae	**Graadgroep:**	10 - 12
Voorvereistes:	Geen		
Aanbieding:	• Die aanbieding oor vyf dae hoef nie noodwendig aaneenlopend te wees nie. • Sekere van die uitkomste word individueel bereik, terwyl ander in groepsverband afgehandel moet word.		
Toekennings instansie:	Kommando, gebiedskamp		

Uitkomste:

Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:

1. *Die volgende take ten opsigte van **beplanning** in groepsverband afhandel:*
   - *1.1 Fotografie**:***
     - *1.1.1 'n Foto beplan aan die hand van 'n tema.*
     - *1.1.2 Die foto moet geneem en ontwikkel word, sodat die span die resultaat van hulle beplanning kan waarneem.*
   - *1.2 Liedjiefees:*
     - *1.2.1 Oorspronklike Afrikaanse woorde skryf vir 'n liedjie wat pas op die melodie van enige bekende Afrikaanse lied. Sekere voorskrifte kan vir die inhoud van die lied gegee word, byvoorbeeld dat dit iets moet sê van die kamp, die Voortrekkers, ensovoorts.*
     - *1.2.2 Hierdie lied moet in spanverband gesing word tydens 'n liedjiefees op die kamp.*
   - *1.3 Seremonies:*
     - *1.3.1 Elke groep moet 'n element van 'n seremonie beplan.*
     - *1.3.2 Die samevoeging van elke span se bydrae moet 'n volle seremonie vorm wat tydens 'n geleentheid afgehandel moet word.*
   - *1.4 Kreatiwiteit:*
     - *1.4.1 Elke span moet aan die begin van die kamp of evalueringsgeleentheid 'n opdrag kry om 'n kreatiwiteitsprojek te beplan.*
     - *1.4.2 Hierdie projek moet tydens die kamp of geleentheid uitgevoer word.*

2. *Ten opsigte van **vergaderingprosedures**:*
   - *2.1 Opgelei word om die korrekte vergaderingprosedures te kan volg en bekend te wees met minstens die volgende terminologie en prosedures:*
     - *2.1.1 Korrekte aanspreekvorme.*
     - *2.1.2 Formulering van mosies.*
     - *2.1.3 Stemprosedure.*

2.1.4 Meerderheid en volstrekte meerderheid.
2.1.5 Amendament.
2.1.6 Die reël van spreekbeurte.
2.1.7 Korrekte kennisgewings.
2.1.8 Notule.
2.1.9 Sake uit die notule.
2.1.10 Personalia.

*2.2 'n Werklike vergadering hou **óf** deelneem aan 'n "kampparlement".*

*3. Ten opsigte van **kommunikasievaardighede**:*

3.1 Geskool word in die korrekte openbare optrede deur die volgende prakties uit te voer:
3.1.1 'n Spreker aan die woord stel, insluitende die aanbied van 'n CV.
3.1.2 'n Spreker bedank.
3.1.2 Algemene bedankings doen.

*3.2 In spanverband daagliks berigte formuleer vir 'n kampkoerant. Hierdie kampkoerant moet minstens **drie** keer tydens die kamp verskyn.*

*4. Aan minstens **twee** verskillende situasies blootgestel word, waar leiding geneem moet word. Hy moet hieruit leer dat verskillende mense in verskillende situasies die leiding neem en dat dit nie noodwendig altyd van dieselfde persoon verwag word om die leiding te neem nie.*

*5. Ten opsigte van **mensontwikkeling**:*

5.1 Vertroud wees met die basiese etiketreëls ten opsigte van die volgende:
5.1.1 Die vra van 'n maat na 'n funksie.
5.1.2 Hoe om 'n maat te vergesel.
5.1.3 Die korrekte optrede aan tafel tussen ander mense.
5.1.4 Die korrekte gedrag tydens die optrede van sprekers.
5.1.5 Die korrekte optrede teenoor die gasvrou.

5.2 Vertroud wees met die basiese beginsels van entrepreneurskap. Hy moet een van die volgende doen:
5.2.1 'n Kenner oor die onderwerp aanhoor.
5.2.2 'n Entrepreneurskapsprojek tydens die kamp of soortgelyke geleentheid afhandel.

5.3 Bewus wees daarvan dat konflik op verskillende maniere hanteer kan word. Hy moet blootstelling kry aan die basiese style van konflikhantering.

5.4 Bekend gestel word aan die basiese beginsels van streshantering.

5.5 Bewus wees van die definisie van kultuur soos omskryf in die Verkennerlewe en 'n basiese kennis hê van verskillende kulture oor die wêreld heen.

Wenk
Die volgende literatuur is beskikbaar:

- *Van der Merwe, Riëtte, e.a., reds. 1994. Treffertiener. Pretoria: Penrose.*
- *Tiener in die kol.*